

Gereformeerde Kerk Bellville – 9 Desember 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 131:1, 2, 3 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.
- 3 Laat Isr'el op die HEER vertrou, / sy hoop op Gods ontferming bou,
en stil berus in sy beleid / van nou af tot in ewigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroom is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Gebed

Psalm 25:1, 2 (p. 115)

- 1 Tot U hef ek hart en hande; / op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande, / oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat / wat in u vertrou wandel,
maar U dek hul met u smaad / wat hier trouelooslik handel.
- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Skriflesing: Psalm 25; Heidelbergse Kategismus, Sondag 49

Kernvers: Psalm 25:4-5

HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag.
(Psalm 25:4-5 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 124: Wat is die derde bede?

Antwoord: Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpratersy gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).

(a) Matt 16:24; Tit 2:11, 12. (b) Luk 22:42; Efes 5:10; Rom 12:2. (c) 1 Kor 7:24. (d) Ps 103:20, 21.

Tema: Leer my u weë, Here

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die lewe het in baie opsigte gemakliker geword as wat dit vroeër was. Dit maak nie saak watter vraag jy het nie. As jy 'n antwoord op die vraag soek, moet jy maar net 'n paar knoppies op die rekenaar te druk. Binne sekondes kry jy 'n rits antwoorde op jou vraag. As jy 'n ingewikkelde wiskunde probleem het, druk jy net 'n klomp knoppies op die sakrekenaar en dadelik het jy 'n antwoord.

Hierdie gemaklike en vinnige manier om antwoorde op vrae en probleme te kry, het daartoe bygedra dat mens vandag nie meer wil wag nie. As hulle die vraag vra of die versoek rig, wil hulle sommer dadelik die antwoord hê. As jy nie by die een plek gou genoeg geholpe raak nie, stap jy eenvoudig na iemand anders toe.

Daar is egter lewensvrae waarvoor ons nie noodwendig antwoorde kry deur net 'n paar knoppies te druk nie. Daar is groot lewensvrae, soos watter beroep ek moet volg en of ek die huis moet koop waarin ek belangstel. Ons kry van tyd tot tyd te doen met sulke groot lewensvrae. Maar die lewe is baie meer kompleks as net sulke enkele vrae. Daagliks kry ons met kleiner lewensvrae te doen, soos: Hoe moet ek hierdie persoon benader wat kwaad is vir my, wat moet ek met die meevaller van 'n paar ekstra rand hierdie maand doen?

Wanneer ons hierdie vrae hoor by 'n oop Bybel en tussen ander gelowiges weet ons sommer dadelik hoe om dit te benader. Jy vra die Here om jou te help. Maar wat doen ons wanneer ons nie tussen ander gelowiges is nie? Wat gebeur Woensdag wanneer jy nie meer die Skrifgedeelte van Sondag se preek kan onthou nie? Dit is dan wanneer ons dikwels sommer op die ingewing van die oomblik 'n besluit neem. En dan is daardie besluit nie getoets aan wat die Here wil hê nie, maar wat vir my die maklikste en beste op daardie oomblik lyk. Gewoonlik is dit 'n besluit wat vir myself die meeste voordeel inhou en nie of dit regtig tot eer van God is nie.

Nou bring die Heilige Gees ons vanaand juis tot stilstand by die derde bede wat Jesus ons in die *Onse Vader* leer: **Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.** Met hierdie bede gee die gelowige as't ware die beheer van sy verstand, wil en begeerte oor in die hande van sy Vader wat in die hemel is. Vir enige mens is dit nie die maklikste ding om te doen nie. Van kleins af leer mense om dinge self te doen. En as jy nog van geaardheid iemand is wat graag in beheer wil wees, is dit bitter moeilik om jou eie wil te versak en net in te val by wat die Here wil hê jy moet doen.

Broers, susters en kinders, wanneer ons opreg hierdie derde bede bid, is dit presies wat ons vir die Here vra: **Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan u wil sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees.** Sê 'n bietjie vir daardie vyfjarige kindjie wat nou 'n nuk in sy kop het om te doen wat jy vir hom sê. Party kinders van daardie ouderdom gaan sommer baie verder as teëpraat. Hy blaas sy mond op en is kwaad omdat hy nie sy wil kan doen nie. As ouers weet julle wat beter is vir julle kind, maar hy begryp dit nie. Daarom kom daar spanning oor die verskil van mening.

In die antwoord wat ons gee op wat die derde bede beteken, hoor ons ook die spanning. Van nature wil niemand sy eie wil prysgee nie, daarom sal hy eerder met die Here wil teëpraat. Jy dink as jy iets op jou manier doen, gaan dit beter uitwerk, maar die Here weet watter optrede die beste resultaat gaan lewer. Hy is immers God en Hy is alwetend.

Wat ek van nature wil doen, stem nie ooreen met wat God se wil is nie. Net ons eerste

ouers was nog voor die sondeval so bevoorreg dat hulle nie gewonder het of hulle wil met God se wil ooreenstem nie. Omdat hulle in ware heiligheid en geregtigheid geskep was, het hulle wil met God se wil ooreengestem.

Dawid het ook hierdie worsteling geken van sy wil teenoor God se wil. Die agtergrond van hierdie psalm ken ons nie. Ons hoor van vyande wat Dawid het. Dawid het baie vyande in sy lewe gehad. Na Saul se dood was Dawid die koning wat die Here vir sy volk bestem het. Maar vir die eerste sewe en 'n half jaar van Dawid se koningskap was dit net die Judastam wat Dawid as koning erken het. Die noordelike stamme het Saul se seun Is-Boset as koning oor hulle verkies.

Sommer aan die begin van die gebed in Psalm 25 sê Dawid dat hy na die Here opkyk vir leiding. Hy sê:

Tot U, o HERE, hef ek my siel op. My God, op U vertrou ek. (Psalm 25:1-2a AFR53)

Hy gee die rigting van sy lewe aan die Here oor. Hy wil graag by die Here leer wat om te doen. Maar sommer in die volgende woorde hoor ons van sy worsteling:

Laat my nie beskaamd staan nie; laat my vyande oor my nie juig nie.
(Psalm 25:2b AFR53)

Indien hierdie vyande die mense is wat vir Is-Boset koning wil hê, kan 'n mens jou maar net indink watter nydige dinge hulle sou kwytingeraak het. Hulle sou miskien dinge kon sê soos dat Dawid die koningskap van die huis van Saul geroof het. Wat hulle ook al kwytingeraak het, was hulle bedoeling om 'n reaksie van Dawid te kry sodat hulle kon sê dat Dawid nie geskik was om koning te wees nie.

Daarom bid Dawid tot die Here vir leiding. Hy vra vir die Here dat hy nie iets sal doen waarvoor hy hom later sal moet skaam nie. Dawid ken sy eie swakheid. Hy het in die verlede eiewillig gereageer en hy vra dat die Here nie meer aan die sondes van sy jeug sal dink nie.

'n Mens moet jousef baie verneder om in alle eerlikheid so tot die Here te bid. Ons wil nie vir ander mense lyk soos iemand wat nie weet wat om te doen nie. Ander mense moet eerder dink ons is in beheer van sake. Maar diep binne-in weet jy dat jy nie regtig in beheer is nie. Jy weet self waar jou eie wil jou al in die verlede gebring het – in ellende en sonde. Daarom behoort die gelowige te bid: Ons Vader wat in die hemel is, help dat ek nie weer so eiewillig sal wees soos in die verlede nie. Help my om nie so hardkoppig te wees nie. My eie wil veroorsaak net ongelukke in my eie lewe en dit is opstandig teenoor U. Daarom het ek u leiding en wysheid nodig in hierdie saak.

In jou eie lewe wat ook kompleks is, is dit nie altyd so maklik om te kan onderskei watter weg die beste een is nie. Vir 'n sondaar is dit moeilik om te bepaal of die een weg goed is maar die ander een sondig. 'n Gelowige sondaar sukkel selfs om te onderskei wanneer *praat* met die Here in gebed al oorgegaan het in *teëpraat* met die Here. Daarom vra Dawid ernstig en eerlik:

Aanskou my ellende en my moeite, en vergeef al my sondes. (Psalm 25:18 AFR53)

Laat ons onself teenoor die Here verneder en erken dat wat ons wil hê, nie saak maak nie en wat ons dink reg is, nie van belang is nie. Dit gaan oor die wil van die Here en my wil moet ek prysgee sodat ek die Here kan eer.

Hoe weet 'n mens wat die Here se wil is? Ja, ons weet wat die groot raamwerk is. Ons moenie iets doen wat die Naam van die Here skade aandoen nie. Ons moenie iets doen wat tot nadeel van ons naaste sal wees nie. Maar miskien is jy tans in 'n bitter moeilike situasie in jou lewe en na alle kant lyk dit vir jou of jy, as jy dit of dat gaan doen, jy nie honderd persent die Here se wil gaan doen nie.

En nou sê ons ook in die derde bede dat die Vader aan ons gee ***dat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer soos die engele in die hemel.*** Hoeveel keer het jy al gewens dat die Here net reguit vir jou sal sê wat Hy wil hê jy moet doen? Hoeveel keer het jy al die engele in die hemel beny? Hulle staan in die troonsaal van ons almagtige God en hulle hoor hoe die Here direk vir hulle sê wat hulle moet doen. Of het jy ook al gewens dat die Here vir jou net so bietjie vooruit sal wys wat in jou lewe behoort te gebeur en wat jy behoort te doen?

Die Here pas egter nie aan by die mens wat gewoon is om vinnig antwoorde op vrae te kry nie. Die Here gee ook nie kykie op wat in jou lewe vorentoe gaan gebeur nie. Die Here ken die mens goed. Hy weet dat wanneer die mens vooruit weet wat in sy lewe gaan gebeur, die mens nie meer in afhanklikheid van die Here gaan lewe nie. En dit is juis wat die Here nie wil hê moet gebeur nie.

Daarom maak die Here sy wil net vir elke dag of miskien net vir die volgende oomblik aan sy kinders bekend. Die Here maak in sy Woord bekend waarheen Hy met die wêreld-geskiedenis op pad is. Die Here bestier alles met die oog op daardie dag dat sy Seun Christus as Regter na die aarde sal terugkom. Al hierdie dinge het die Here vir ons in sy Woord bekend gemaak. Maar meer as dit het die Here nie aan sy kinders geopenbaar nie.

Die gelowige het ook nie nodig om in detail alles van sy toekoms te weet nie. Wat hy wel moet kan sien, is sy goeie Herder Jesus Christus voor hom wat hom met sy stok en staf lei en vertroos. As jy dus deur die kragtige werk van die Heilige Gees en met die oop Bybel voor jou net Jesus Christus se laaste voetstap voor jou kan sien, dan sien jy ver genoeg die toekoms in.

In die omstandigheid waarin Dawid verkeer het, het hy ook nie presies geweet wat God se wil in daardie besondere omstandigheid is nie. Daarom het hy tot die Here gebid en gevra:

Here, maak my u weë bekend; leer my u paaie. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. (Psalm 25:4-5 AFR53)

Dawid vra dat die Here hom in sy waarheid sal lei. Dit wil sê, Dawid vra insig in die Woord van die Here. Dit is immers in die Woord waar 'n mens begin soek na die wil van die Here. Maar nou moet 'n mens nie dink dat jy die Bybel soos 'n ensiklopedie kan gebruik nie. Dit werk nie so dat jy die Bybel sommer net so kan oopslaan by die antwoord wat die Here vir jou in jou omstandigheid het nie. Soms kan dit gebeur dat 'n mens baie gou in die Bybel by die antwoord uitkom en die wil van die Here ken vir die betrokke saak. Maar dit hang af hoe vinnig die Here wil hê jy sy wil moet leer ken.

Die meeste van die tyd neem dit tyd om die wil van die Here te leer ken. Dawid vra dat die Here hom moet leer. Dit beteken dat jy sal moet stilsit en by die Here moet leer deur die Woord te bestudeer. Om die Bybel te bestudeer is immers iets wat 'n mens nie net moet doen wanneer jy met 'n probleem te doen kry en nou die Here se wil vir daardie saak soek nie. Dit is iets wat 'n mens elke dag behoort te doen. Hoe meer die Heilige Gees 'n mens vol maak met die Woord van die Here, hoe meer is 'n mens voorbereid om besluite te neem wat meer na die wil van die Here neig as wat dit na jou sondige wil neig.

Jesaja skryf van die Knecht van die Here in Jesaja 50 die volgende:

Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre laat Hy my opnuut weer luister, Hy laat my luister soos 'n leerling moet luister. Die Here my God het my geleer om te luister: ek was nie teen Hom opstandig nie, ek was nie ontrou aan Hom nie.

(Jesaja 50:4-5 AFR83)

Hierdie profetiese woorde is in Jesus Christus vervul. Wat Hy ook al op die aarde gedoen en gespreek het, was nie uit sy eie nie. Hy het gedoen wat Hy sy Vader sien doen het en Hy het gespreek wat sy Vader Hom gegee het om te spreek. Daar was immers vir Jesus niks kosbaarder as om die wil van sy Vader uit te voer nie. Hy het Hom volledig daaraan onderwerp. Selfs toe dit die wil van sy Vader was dat Hy die beker van sy Vader se oordeel oor die sonde van sondaars moes leeg drink, het Hy Hom aan sy Vader onderwerp.

Daar is nie 'n gelowige wat meer die beker van God se oordeel hoef te drink nie. Christus het dit in sy plek gedrink. Maar omdat Christus jou dan verlos het van die oordeel van God, het Hy sy Gees en Woord aan jou gegee sodat jy die wil van die Here kan soek en ook doen elke dag van jou lewe as gelowige.

Amen!

Slotgebed

Psalm 25:6, 7 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
 God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
 Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
 en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.
- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
 en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
 'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
 want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Desember 2018